

Die rol van die advokaat ter bevordering van regshervorming en -ontwikkeling: enkele notas oor die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Regskommissie

Adv Herman Smuts, Navorsers, SA Regskommissie

Daar sou met die lees van die opskrif gevra kon word of die advokaat hoegenaamd 'n rol te vervul het by regshervorming en regsontwikkeling. Dit bly trouens 'n waagstuk vir 'n advokaat om hom op 'n hervormings-avontuur te verlaat deur te poog om die regspreker te oortuig om reg te skep. Die advokaat word ook beperk deur die regspreker se tradisioneel regsvertolkende teenoor regskeppende rol.

Daar is egter 'n makliker uitweg; 'n uitweg waaraan geen risiko's verbonde is nie, en 'n uitweg wat in die meerderheid gevalle die verbetering van die bestaande reg – wat die primêre doelstelling van regshervorming is – tot gevolg het.

Ingevolge artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Regskommissie, 19 van 1973 (hierna "die Wet" genoem) is 'n liggaam met die naam die Suid-Afrikaanse Regskommissie ingestel.¹

Doelstellings van Regskommissie

Die doelstellings van dié Kommissie, soos bepaal word in artikel 4 van die Wet, is –

... om navorsing te doen met betrekking tot alle vertakkinge van die reg van die Republiek en dit te bestudeer en te ondersoek ten einde aanbevelings te doen vir die ontwikkeling, verbetering, modernisering of hervorming daarvan, met inbegrip van –


- (a) die herroeping van verouderde of onnodige bepalings;
- (b) die verwydering van anomalieë;
- (c) die bewerkstelliging van eenvoudigheid in die reg wat in die verskillende dele van die Republiek van krag is;
- (d) die konsolidasie of kodifikasie van enige vertakking van die reg; en
- (e) stappe wat daarop gemik is om die gemene reg geredeliker beskikbaar te stel.

Artikel 5 (1) van die Wet maak daarvoor voorsiening dat die Kommissie van tyd tot tyd programme kan opstel waarin aangeleenthede wat na sy oordeel oorweging verg, in voorkeurorde opgeneem word en aan die Minister van Justisie vir goedkeuring voorgelê word.

Artikel 5 (2) van die Wet bepaal dat die Kommissie 'n voorstel wat op sy doelstellings betrekking het *en wat van enige persoon of liggaam ontvang is* in 'n program kan opneem.

Advokate vorm voorhoede

Praktiserende advokate vorm 'n voorhoede in die toe-



passing van ons reg; dit is dié beroep wat daagliks met die reg omgaan en dit is dié beroep wat in heelwat gevalle eerste bewus word van 'n leemte in 'n bepaalde gedeelte van ons reg wat om hervorming roep.

Die Wet verskaf dus 'n eenvoudige prosedure vir die verbetering van ons reg: indien advokate by die opstel van pleitstukke, in die voorbereiding vir 'n bepaalde saak en in die algemene hantering van 'n saak bewus word van 'n leemte in ons reg wat die potensiaal van verbetering van die reg het, kan dit onder die aandag van die Kommissie gebring word. Die Kommissie kan op sy beurt 'n voorstel vir regshervorming aan 'n omvattende ondersoek onderwerp en uiteindelik met voorstelle tot verbetering van die reg na die Minister van Justisie gaan.

Ondersoeke omvangryk

Daar moet egter in gedagte gehou word dat ondersoe-

ke van die Kommissie gewoonlik van omvangryke aard is en dat daar na regshervorming in die breë gekyk word. Alhoewel die moontlikheid nie uitgesluit is nie, ondersoek die Kommissie nie ligtelik *ad hoc*-wysigings van die bestaande wetgewing nie. In dié gevalle is 'n bepaalde staatsdepartement meesal behoorlik toegerus om sulke wysigings te oorweeg en gepaste veranderinge aan, sê, 'n wet wat daardie departement administreer, aan te bring.

Werkwyse van Kommissie

Enkele opmerkings oor die Kommissie en sy werkwyse is hier gepas.

Die Kommissie is tans soos volg saamgestel:²

Voorsitter - Sy Edele appèlregter H J O van Heerden
Sy Edele regter P J J Olivier - ondervoorsitter en heeltidse lid

Mnr G G Smit - beampte in die Direkoraat: Justisie en heeltidse lid

Prof D J Joubert - dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria

Mnr J E Knoll - praktiserende prokureur

Mnr W G M van Zyl - streekhofpresident: Natal.

Die Kommissie word in sy werksaamhede deur 'n span van elf navorsers bygestaan wat feitlik alle navorsing vir die Kommissie moet doen. Die navorsers is almal in besit van die LLB-graad en is toegelaat as advokate.

Sodra 'n voorstel vir regshervorming ontvang word, word dit deur 'n navorser aan 'n *vooronderzoek* onderwerp. Die vooronderzoek word gedoen ten einde die Kommissie in staat te stel om 'n oorwoë mening oor die opneming van die ondersoek in 'n program van die Kommissie, al dan nie, te kan uitspreek. Indien die Kommissie besluit om die voorstel wel aan 'n volskaalse ondersoek te onderwerp, word 'n voorkeurorde daaraan toegeken; 'n navorser of navorsers daaraan toegewys; en een van die heeltidse lede as projekteier aangestel onder wie se leiding die ondersoek geskied.

Die aard en omvang van die ondersoek word bepaal deur die besondere onderwerp wat ondersoek word. In die meeste gevalle onderneem 'n enkele navorser die navorsing. Vir die behoorlike verrigting van die Kommissie se werksaamhede maak die Wet egter in artikel 7A(1) ook voorsiening vir die instelling van sekere komitees van die Kommissie. Indien daar dan 'n ondersoek onderneem word wat van so 'n aard is dat vereis word dat kundiges op 'n bepaalde terrein van die reg bymekaargebring word om 'n projek te lei, kan daar saam met sekere lede van die Kommissie persone aangewys word om in so 'n komitee - informeel 'n *projekkomitee* genoem - te dien.

Advokatuur se rol

Ook in hierdie geval kan die advokatuur 'n rol speel tot verbetering en ontwikkeling van die reg deur bereid te wees om indien 'n besondere advokaat genader word om in so 'n komitee te dien, hulp in dié verband te verleen. (Advokaat R H Zulman SC dien byvoorbeeld in die komitee wat die hersiening van die insolvensiereg behartig.)

Werkstukke

Die resultaat van navorsing - bekend as 'n *werkstuk* -

waarin die voorstelle vir regshervorming en normaalweg konsepwetgewing voorkom, word ná oorweging deur die Kommissie gepubliseer.

Werkstukke word so wyd as moontlik vir algemene inligting en kommentaar versprei. Afgesien van die instansies aan wie werkstukke op staande voet gestuur word soos oorsese regshervormingsliggame, universiteitsbiblioteke en staatsdepartemente wat belang by 'n ondersoek kan hê, word die werkstukke deurgaans aan, onder andere, die Algemene Balieraad, die onderskeie Balierade, die Vereniging van Prokureursordes en die onderskeie provinsiale prokureursordes of wetsge-nootskappe vir kommentaar gestuur.

Die Kommissie het in die verlede waardevolle bydraes van die lede van die Balie ontvang en daar is oor en oor bewys dat dié bydraes van uiterste belang is vir die Kommissie om op die uiteinde met praktiese en uitvoerbare aanbevelings vorendag te kom. Trouens, die Kommissie is by uitstek aangewese op die advokatuur se kommentaar op werkstukke. Advokate wêrk met die reg en indien dié praktiese kennis aan die Kommissie oorgedra word, verhoed dit dat die Kommissie met "ivoortoring"-regshervorming vorendag kom.

Oorlegpleging

Alhoewel die Wet nie spesifieke werkmetodes vir die Kommissie voorskryf nie, bepaal artikel 5(3) van die Wet dat die Kommissie vir doeleindes van 'n ondersoek met enige persoon of liggaam oorleg kan pleeg. Daarbenewens is sekere bepalings van die Kommissiewet, 8 van 1947, ingevolge artikel 5(4) van die Wet op die Regskommissie van toepassing, welke bepalings wye bevoegdhede aan 'n kommissie verleen om die lewering van getuienis of die voorlegging van dokumente verpligtend te maak. Die Kommissie het nog nooit van laasgenoemde bepalings gebruik gemaak nie omdat hy tot dusver deurentyd goeie samewerking ontvang het van persone en liggame wat om kommentaar genader is.

Dit is dus veral in die werkstukstadium waar daar in 'n groot mate van kundiges se getuienis of kommentaar oor 'n besondere onderwerp gebruik gemaak word. Waardevolle inligting word op dié wyse bekom. Ook wat dié aspek betref, kan die advokatuur dus 'n groot bydrae lewer tot regshervorming en regsontwikkeling.

Kommissie se verslag

Na die sluitingsdatum van die kommentaar, word die kommentaar geëvalueer en saamgevat in 'n *verslag* van die Kommissie. Die verslag bevat die Kommissie se aanbevelings aan die Minister van Justisie en, indien nodig, konsepwetgewing waarin die aanbevelings beliggaam word.

Nadat hy verslag gelewer het, is die Kommissie vir doeleindes van daardie ondersoek *functus officio* en word die verslag mettertyd deur die Minister in die Parlement ter tafel gelê.

Die Kommissie het sedert sy instelling in 1973 reeds oor meer as 50 ondersoekte verslag gedoen. Weens die ruimte wat 'n tabulering daarvan in beslag sou neem, word die verskillende ondersoekte nie hier genoem nie. Lesers word versoek om die jongste jaarverslag van die Kommissie in dié verband te raadpleeg. Die Kommissie se huidige program sien soos volg daar uit (die projeknommer word in hakkes aangedui):

Stappe wat daarop gemik is om die gemene reg

geredeliker beskikbaar te stel (8); Hersiening van die erfreg (22); Onderzoek na die hoewe se hersieningsbevoegdheid ten aansien van administratiewe handelinge (24); Statutêre reg: die daarstelling van 'n blywend vereenvoudigde, samehangende en algemeen toeganklike wetboek (25); Sekerheidstelling deur middel van roerende goed (46); Onbillike kontrakbedinge en die rektifikasie van kontrakte (47); Onderzoek na die betalingstelsel in die Suid-Afrikaanse reg (50); Onderzoek na die regsgevolge van geslagsverandering en verwante aangeleenthede (52); Groeps- en menseregte (58); Islamitiese huwelike en verwante aangeleenthede (59); Domisilie (60); Blywende prokurasies en die aanstelling van kurators vir geestesonbekwame persone (61); Beskerming van 'n koper van aandele (62); Insolvensiereg (63); Die regsbeskerming van inligting (64); Surrogaatmoederskap (65); Borgtog (66); Die Woekerwet en verwante aangeleenthede (67); Insaë in polisie-dossiere (68); Die verkryging en verlies van eiendomsreg van wild (69); Die beperking van siviele aanspreeklikheid van beroepslui (70); Die beskerming van kindergetuies (71).

Opsommend

Om dus op te som, kan die advokatuur wat betref die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Regskommissie

'n aktiewe rol speel om regshervorming of regsontwikkeling te bevorder deur –

- (a) gemotiveerde voorstelle vir regshervorming na die Kommissie te verwys;
- (b) mondelinge of skriftelike kommentaar te lewer op werkstukke van die Kommissie; en
- (c) bereid te wees om, indien nodig, in 'n projekkomitee van die Kommissie te dien.

Dit staan lede van die advokatuur volkome vry om met die Sekretaris, mnr Gerhard van Zyl, te skakel (012 - 322 6440) indien verdere inligting oor die werksaamhede van die Kommissie verlang word. Die Kommissie se kantoor is op die 8ste verdieping van die N G Kerk Sinodale Sentrum, Visagiestraat 228, Pretoria en die posadres is Die Sekretaris, Suid-Afrikaanse Regskommissie, Privaatsak X668, PRETORIA 0001.

Voetnote

¹ Die "vader" van die Suid-Afrikaanse Regskommissie is 'n voormalige beampte van die Departement Justisie. (Sien Coetzer J P J 'n *Kritiese, regsvergelijkende studie van regshervorming in Suid-Afrika* ongepubliseerde LLB-verhandeling UNISA).

² Sedert die instelling van die Kommissie is dit gebruikelik dat 'n praktiserende advokaat op die Kommissie dien. Dit het egter nog telkens gebeur dat die dienende advokaat tot die regbank verhef word en dat die advokatuur dan nie op die Kommissie verteenwoordig is nie.

BUTTERWORTHS PRIZE FOR CONTRIBUTIONS TO CONSULTUS

The editorial committee takes pleasure in announcing that *Butterworths Professional Publishers (Pty) Ltd* has offered an annual prize for the article containing the most useful and best motivated law reform proposal.

1. The prize will consist of R500,00 worth of Butterworths books, local or overseas, to be selected by the winner.
2. A panel of advocates nominated by the editorial committee will consider contributions for the prize and award the prize.
3. The decision of the panel will be final.
4. Queries and correspondence should be directed to: The Editor, *Consultus*, Advocates' Chambers, 1605 Momentum Centre, East Tower, 343 Pretorius Street, Pretoria 0002. Tel: (012) 322 1511 (Ext 1605).